Derde uitgawe - 2014

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Otto Koekemoer, Martin Kruger, Johan Els, Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewe bus / vra is vry	2
Neigings in bonsai wêreld	3
Nuwe talent kompetisie	10
Vergadering van 10 Mei	13
BRAT vergadering	19
Vergadering van 7 Junie	22
Snippets	27
Die naakte waarheid	28
Kalender	33

Van die Redakteur.

Beste lede

In hierdie uitgawe is 'n baie mooi artikel deur Pieter Loubser met die titel "Die Naakte Waarheid". Dit gaan gelukkig oor die naaktheid van bonsai bome gedurende die winter. Soos Pieter sê, "*dit is 'n tyd wat ek baie geniet juis omdat ek die prag van die bonsai se stamme en takke nou kan geniet. Die bome se klere is uitgetrek en ons kan kyk hoe hulle sonder fieterjasies lyk.*" Geniet dus hierdie stiller tyd van die jaar om na jou bome te kyk en hulle te waardeer sonder 'klere'.

Dit is 'n goeie tyd om jou bome af te neem en Francois se raad (in hierdie uitgawe op bl 23) te volg om jou bome se stilering te beplan. En stuur sommer asseblief aan my jou foto's en jou sketse vir plasing in die Koeda.

Sommige bome in die natuur het nog pragtige herfskleure, daarom plaas ek die prag foto van herfskleure hieronder. Of dalk is dit my manier om so bietjie te klou aan die laaste warmte voor die erge koue en ryp.

As gevolg van heerlike bydraes deur lede asook baie wat in die laaste twee maande gebeur het is hierdie 'n 'dik' uitgawe. Ongelukkig moet lede wat die Koeda uitdruk om te lees dus bietjie ekstra kostes aangaan vir kleur ink. Anders, lees maar hierdie een net op jou rekenaar skerm.

Bonsai groete

Jaco

Briewe Bus / Vra is Vry

Beste Kai lede

Ek het ’n klein Ficus Natalensis wat ek van ’n steggie gegroei het. Dalk kan hy nog nie volwaardig ’n bonsai genoem word nie maar hy neig al in die rigting. Wat vir my interessant is is dat hy skielik hierdie jaar vir die eerste keer herfs blare gemaak het. Sien foto geneem op 1 Mei.

My vraag aan lede is of dit normaal is vir ’n Vy? Het ander lede al so iets ervaar? Of is my boompie dalk besig om te vrek?

Ek sou graag hoor van ander lede wat aan die redakteur julle kommentaar sal stuur.

Groete AN.

Jaco, hier is 'n stukkie uit Rapport, Sondag 30 Maart 2014. Miskien 'n interessante ietsie vir die nuusbrief.

Groete,

Pieter Loubser

Weerlig se rol in plante se lewe: 'n wonder.

Die rol wat weerlig speel om stikstof in die natuur met suurstof te verbind sodat die stikstof deur plante opgeneem kan word, is een van die groot wonders van die natuur.

Atmosferiese stikstof verbind bitter selde in die natuur met ander gasse, behalwe in die geval van baie hoë hitte, soos met weerlig of in motorenjins.

Wat in 'n weerligstraal gebeur as die temperatuur 30 000°C bereik, is dat die stikstof en die suurstof wel verbind en 'n gas vorm, wat weer met die water in die lug verbind en as "ligte sure" op die grond neersak.

Hierdie natuurlike sure reageer met bestanddele op die grondoppervlak en vorm stikstof-houdende stowwe wat wel deur die plante opgeneem kan word."

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.



Hiernaas volg die tweede gedeelte van die rubriek. Die eerste deel was in die vorige uitgawe van Koeda:

Kom ons kyk nou na fotos en probeer daaruit iets wys word. Die VSA: Yuji Yoshimura het in die VSA ‘n basis vir bonsai gelê (en nie net hy nie, maar hy staan uit as een van die eerste garde). Ek dink dat dit ‘n oorvereenvoudiging is van wat plaasgevind het, maar jare later het persone soos Ben Oki en John Yoshio Naka, om net twee te noem, ‘n kern van Japanese invloed in Amerikaanse bonsai gevestig. Meer modern ontwerpers soos Valavanis ea. volg in hul spore en meeste het Japan besoek vir basiese onderleg. Daar is pragtige bonsai-materiaal beskikbaar in die natuur in Amerika en ‘n voorbeeld van wat daar uitgegrawe is, volg hieronder. Die boom daarnaas is uit Japan. Merk die ooreenkoms met Kunio Kubayashi s’n (die tweede boom) en geniet ook sy Den daarna. En regs is die uiters-bekende groep van John Naka.

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

Uit die VSA: Links ‘n Juniperus chinensis foemina (ABSwebwerf) en regs ‘n Tsuga mertensiana (ABSwebwerf). Meer ontspanne? Minder rigied? Ook hieronder. Nie die tipe boom wat jy in Suid-Afrika of Suid-Amerika sou verwag nie.

Europa. Verstommende materiaal soos hieronder getoon. Esdoring links en Walter Pall s’n regs. Herinner aan Japan, of hoe? Of meer informeel soos in die VSA?

Links: Kevin Wilson en Richard Chambers besig met ‘n groot Olien. (Europa) en regs een van Angel Mota se olienbonsai in Spanje (Eiland Majorca).

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

Kom ons kyk na bome uit Fillipynse eilande, Thailand, Maleisië, Indonesië: Die fotos hieronder wat die verstommende material vandaar vertoon, laat jou sprakeloos. Hierdie mense woon op duisende eilande in die oseaan versprei asook in Indo-China. Hulle gebruik uiteraard tropiese en sub-tropiese bome.

China: Dis uiters moeilik om te sê wat anders is aan Chinese bonsai. Miskien is dit die klem op die stam eerder as die geheel aangesien ons nou selde die ouer vreemde style sien wat byvoorbeeld drake voorstel. Die loof op die takke is dikwels ongeorganiseerd en in kleiner “wolke”. Hieronder volg ‘n klompie Chinese bonsai in die Chinese afdeling van die versameling in die VSA Arboretum.

Links is Ulmus parvifolia en regs en verder regs is Sageretia thea.

Danksy Peter Krebs kan ons ook na die volgende Chinese bonsai kyk. Let op die houers en stambasisse, die beeldjie en blaarkrone met baie losse, bykans deurmekaar, groepering!

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

Suid-Amerika: Moet nie ‘n fout maak om te dink die Argentyne, Braziliane, Chilene, en mense verder Noord in Venezuela en Ecuador, weet nie van bonsai nie. Ek weet nie wie die bonsai-entoesias hieronder is nie, maar sy boom lyk indrukwekkend. Die ander bome kom uit Argentinië. Dit lyk na vye op die grond in bakke, maar fantastiese goed. Skielik is ek jaloers! En die twee fotos daarna gee hoendervleis.

Die twee bonsai hierbo behoort aan Andreas Bicoca van Mendoza in Argentinië. En dan kan jy maar weet dat daar verstommende bonsai elders in Suid-Amerika is.

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

Indië:

Ek het doelbewus fotos gekies met opvallend Indiese persone daarby, want dis moeilik om te sê of Indiese bonsai veel verskil van veral die bome in Indo-China. Bonsai in Indië geskied op redelike groot skaal.

Elders: Daar is pragtige bome in Sentraal-Asië, Rusland, Australië. Dit is egter so dat ons eers onlangs van hul kuns begin sien. En tog…..

Die fotos hierbo kom vanaf ‘n uitstalling in Suzdal, ‘n klein dorpie ongeveer 200km Oos van Moskou, Rusland. Lyk vir my baie soos hoe ons dit doen en hieronder is werk van Václav Novák uit die Tsjeggiese Republiek. U sal hom onthou van demonstrasies in Pretoria ‘n paar jaar gelede. Is dit dalk klassiek Japanees van aard? Of is die Japanese manier ingewortel in alle bonsai in die wêreld?

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

Australië: Kyk na die volgende Ficus rubiginosa en Callistemon. Ek kan my nie herinner dat ek al Callistemon (Bottelborsel) as bonsai gesien het nie.

Ek kry die indruk dat die kwekers in Australië ook hard probeer om hul "eie" spesies te gebruik en hoewel hulle die reëls uit Japan verstaan, is hulle meer ontspanne oor die implimentering daarvan en skep baie mooi bonsai op hul eie manier.

NEIGINGS IN BONSAI WÊRELDWYD - deur Dr Pieter Loubser.

Afrika: Hieronder bonsai van Charles Ceronio, Theuns Roos en Carl Morrow. Oordeel en vergelyk self.

Ek salueer bonsai en geniet die omvang, variasie en briljantheid in hierdie kunsvorm elke dag.

Groete tot ‘n volgende keer.

Pieter Loubser

I believe that the job of transforming a tree-shaped plant, whether big or small, into a bonsai must be carried out in three basic stages: Repotting and root manipulation, branch selection and thinning out, then wiring and styling. Not everyone does this, but I believe it is important to separate the jobs so that the tree has time to recuperate after each stage. Otherwise we could promote the tree’s death. -

Alphonso J Aparicio.

Nuwe Talent Kompetisie.

Gedurende die vergadering van 10 Mei het lede met minder as tien jaar ondervindig in die beoefening van bonsai aan die Kai se Nuwe Talent Kompetisie deelgeneem. Die wenner en naaswenner gaan die Pretoria Bonsai Kai by die eerskomende BRAT byeenkoms verteenwoordig. By die BRAT byeenkoms word al die klubs/kai's van die streek verteenwoordig.

Ons was baie bevoorreg, en dankbaar, dat vyf van ons lede aan die kompetisie deelgeneem het. Hulle was Duvan Horn, Francois van As, Johan van Zyl, Cory Meerholtz en Gerhard Derks.

Die bome wat gestyl moes word was almal "Juniperus Procumbens Nana". Al die bome was naastenby van dieselfde gehalte en grootte.

Die deelnemers het aan die bome gewerk terwyl die vergadering aan die gang was en is ongeveer drie uur gegee om die boom te styl. Daar was nie verwag dat die boom in 'n bonsai bak geplant word nie. Nadat die vyf lede hulle stylering voltooi het is die bome deur Johan Els, Org Exley en Pieter de Plessis beoordeel. Daar is onder andere gekyk na aspekte soos: ontwerp, balans, natuurlike voorkoms, bedrading, snoei werk en oorspronklikheid.

Die keuse van die beoordelaars vir die wenboom het gegaan aan Duvan Horn met tweede plek aan Francois van As en derde plek aan Gerhard Derks. Al die bome was van hoë gehalte en die lede kan trots wees op hulself.

Die fotos van die gestyleerde bome kan natuurlik nie werklik wys hoe die boom gelyk het nie maar gee darem 'n idee. ♣

Bo: Johan van Zyl. Onder: Duvan Horn.

Vervolg op bl 11

Nuwe Talent Kompetisie.

Bo: Francois van As. Onder: Gerhard Derks.

Bo: Cory Meerholtz.

Vervolg op bl 12

Nuwe Talent Kompetisie.

Bo: Die beoordelaars hard aan die dink.

Bo: Duvan se wen boom.

"There are those who will aspire to greatness because it is in their bones, but there are others who will reach the same place because it is in their bones to work hard to get there. For one the talent is manifest in the ease with which they create art or what ever they strive for. For others the talent is manifest in the willingness to work, study and try hard in an effort to attain the same goal." - Vance Wood

Vergadering van 10 Mei 2014

"Tip of the month" - deur Edwin Morgenrood

Oom Edwin het 'tips' gegee oor wat hy doen met sy bome met die aanbreek van winter.

Hy haal al die bedrading van sy bome af, deur dit af te knip met 'n 'side cutter'. Dan haal hy alle los bas van die stam en takke af. Hy gebruik 'n sagte draad borsel. Hy krap ook in holtes met iets soos 'n sosatie stokkie. Die rede is om alle goggas te verwyder. Hy bekyk selfs die boom met 'n vergrootglas sodat hy geen goggas mis nie.

Verder borsel hy alle los 'grond' en klippies van die oppervlak af sodat daar geen goggas daar skuil nie. Hy lig die bome op om onder die bakke te inspekteur vir doplose slakke en om te kyk of die bak se dreinerings gaatjies oop is. Oom Edwin gebruik somtyds 'n vogmeter deur die winter om seker te maak dat daar wel bietjie vog in die groeimengsel is en die boom nie te droog is nie. Dan gebruik hy ook die stiller tyd deur die winter om sy bakke mooi skoon te maak.

En een van die belangrikste dinge om te doen is om sensitiewe bome te stoor waar hulle nie ryp kan kry nie.

Oom Edwin het ook die onderste resepte gegee:

ORGANIESE GIF

20 "Chillies"
2 Groot Knoffel huisies
± 1 Koppie kookwater

"Liquidise" alles saam. Ruik daaraan. As dit nie genoeg stink nie mikrogolf dit 'n rukkie totdat dit goed stink!

Gooi deur 'n sif en spuit plante met vloeistof. Dit werk vir luise, torre en alles!

Gooi ook die "mooch" op plante.

Werk veral goed vir wurms op Clivias. Gooi die "mooch" op die bol – die bol neem dit op en siedaar, nooit weer wurms – doen dit elke Oktober 1 keer per jaar.

RAAD TEEN SLAKKE

Komkommer in foeliebakkies – nie gewone foelie nie, moet die foeliebakkies wees!

Vervolg op bl 14

Vergadering van 10 Mei 2014

"Tip of the month" - deur Edwin Morgenrood

TUIN "COCKTAIL" VIR SLAKKE

6 Koppies Bounceback
10 lit water

Meng bostaande en laat vir 3 dae staan. Roer elke paar uur deur. Na 3 dae gooi 1 koppie op 10 lit water en gooi op die voete van enige soort plant.

Dit roei nie net slake uit nie, dit is ook goeie plantvoedsel.

KOMPOS VIR TUINE

2 sakke kompos of 1 sak kompos en 1 sak suurkompos (Earth to Earth)
5 koppies erdwurm kompos (Fertilis) (om grond te "detox")
5 koppies Vita bone (Talborne) (beter as beenmeel – bevat Boron en fosfate – 12 spoorelemente)

Meng baie goed saam.
Voeg 2 koppies Engelse sout by en meng.
Strooi 1 koppie van mengsel om plant 'n entjie weg van die stam en werk liggies in, so 10 cm. Moenie omspit nie, werk net liggies in.

VIR GRASPERKE

Voeg 6 koppies Seamongas by mengsel en strooi oor grasperk.

Indien jy sukkel om bogenoemde bestanddele te kry gaan kyk by **MARCO FLORA** in Baardstraat.

Vergadering van 10 Mei 2014

Johan Els het gepraat oor rankers vir bonsai. Hy het ’n hele klomp rankers genoem, en hoe om hulle te hanteer, wat geskik is vir bonsai. Hy het ook voorbeelde gewys van ’n paar spesies. Daarna het Johan ’n ‘Ivy’ gebruik in ’n demonstrasie waarin hy die Ivy saam met ’n dooie stuk hout gestyl het. Johan het ook ’n ’Ficus Pumila” op ’n rots geplant.

Johan het breedvoerige detail gestuur van die ‘ Wisteria, Bougainvilla, Ficus Pumila, Boston Ivy, Star Jasmine’ en Druif vir bonsai. As gevolg van spasie in hierdie uitgawe sal slegs een van die spesies se detail geplaas word en die ander in volgende uitgawes.

Vervolg op bl 16

Vergadering van 10 Mei 2014

IVY BONSAI

How to Care for an Ivy Bonsai

An ivy bonsai plant takes more care than ivy normally would. Watering the plant at specific intervals and restrained amounts is required to coax ivy into developing a more woody trunk. Ivy is normally allowed to spread, which encourages its vine tendencies. Creating an ivy bonsai means training the usually spreading ivy to the size and shape you desire. Ivy bonsai can be grown indoors or outdoors, however they prefer partial shade if outdoors. Bonsai trees are known for their small size and distinctive shape, which is acquired through pruning and wiring.

Instructions

1 Water regularly. Take care to prevent the soil from becoming too dry or staying too wet. Either of those extremes are not ideal. In the helix ivy species, reduction in watering can help reduce leaves.

2 Feed it every two weeks using either ivy plant food or half of a dose of regular plant food.

3 Prune the new shoots back to the first one or two leaves near the trunk. This will work to strengthen the trunk because the ivy won't have to put out energy to the new growth.

Continue on pg 17

Vergadering van 10 Mei 2014

4 Use wire to guide the ivy. While it doesn't work to create an upright plant, which is characteristic of typical bonsai trees, you can train the ivy to go where you want it to. This allows you to create a distinctive shape.

5 Re-pot the ivy every two or three years in the spring. Be sure to use fresh soil that is high in-organic matter and drains well.

VIRGINIA CREEPER OR BOSTON IVY BONSAI

Parthenocissus is a genus of about 10 species of deciduous tendril climbers found in the forests of the Himalayas,E. Asia and North America. Most commonly they cling by tiny disc-like suckers on the end of their tendrils. They are fully hardy and can be grown in sun or partial shade.

Species suitable for bonsai

All species of Parthenocissus are suitable for use as bonsai, most commonly seen are;

Parthenocissus tricuspidata /Boston Ivy.

The Boston Ivy is set apart from the rest of the genus by virtue of having 3-lobed leaves as opposed to the commonly seen 5-lobes. Very vigorous, the Boston Ivy can grow to over 20 metres. Its leaves up to 20cm in length are a bright green through the year turning to a brilliant red/purple in Autumn. Native to China, Korea and Japan where it is referred to as the Japanese Ivy.

Parthenocissus thomsonii

As the Boston Ivy but with 5-lobed leaves up to 10cm in length.

Continue on pg 18

Vergadering van 10 Mei 2014

Bonsai cultivation notes;

Position Full sun but shade in strong midday light.

Feeding Every two weeks; if the plant does not receive enough fertiliser the leaves tend to drop before they change colour.

Repotting Every second year though vigorous specimens may require annual repotting.

Pruning Prune back hard in the autumn after leaf-drop; continual pruning of new growth, tendrils and damaged leaves required through the spring and summer.

Propagation Very easy at any time from cuttings and layering.

Pests and diseases Relatively trouble free though caterpillars can cause unsightly damage to leaves.

Styles Semi-cascade, cascade, root-over-rock, clump styles in medium to large sizes.

Other notes Parthenocissus are very soft-wooded so exposed deadwood can rot very quickly unless protected or removed.

Warning: Parthenocissus tricuspidata/Virginia Creeper can cause severe allergic reactions in some people as it contains 'Oxalate crystals', a known skin allergen. Repeated exposure to such plant species can cause sensitisation in some people and lead to 'allergic dermatitis' when in contact with P.tricuspidata/Virginia Creeper. In this sense it can have a similar effect on some people to 'Poison Ivy'. ♣

BRAT vergadering van 31 Mei 2014

Die BRAT (Bonsai Regional Association of Transvaal) vergadering is aangebied deur Far West Bonsai Kai. Met die aankoms was dit al duidelik dat dit ’n aangename dag sou wees met die bediening van koffie en heerlike varsgebakte brood en konfyt. Nadat Kathy Steyn almal namens Far West welkom geheet het het Org Exley die BRAT ‘AGM’ (vinning) hanteer. Die verkose BRAT kommittee vir die komende jaar is: Org Exley (Pretoria Bonsai Kai) - President, Tony Mortimer (East Rand Bonsai Society) –Visie President, Dave Wilson (Eastern Bonsai Society) –Tesourier, Deon Kotze (Far West Bonsai Kai) - Sosiale media en Jaco Kriek (Pretoria Bonsai Kai) - Sekretaris.

Die nuwe talent kompetiese het ook sommer afgeskop. Pretoria is verteenwoordig (alweer) deur Duvan Horn. Duvan het hom baie goed van sy taak gekwyt en ’n baie mooi boom geskep. Ongelukkig was hy nie onder die eerste drie plekke nie. Org het genoem dat die standard van bome wat gestyl is een van die bestes nog ooit was. Onder, en op die volgende bladsy, is fotos van die ses persone wat deelgeneem het. Die fotos wys die boom voor en na stylering.

Martin Rademeyer, East Rand

Fred Oudmayer, Easterns

Duvan Horn , Pretoria

BRAT vergadering van 31 Mei 2014

Above: James Cane, Far West Bonsai Kai came second with a beautiful windswept tree. The photo of his tree before styling disappeared.

Above: Shaundre Craukamp, Eastern Bonsai Society came third.

Above: Wayne Viljoen, Midway Bonsai Society was awarded a very worthy first place.

Hannes Fritz het ’n uitstekende demonstrasie gedoen op ’n Wilde Olien. Hy het die boom in Natal in die Greytown omgewing uitgegrawe. Die boom was afgekap en die hout gebruik om meubels te maak. Daarna het die boom weer uitgeloop en Hannes het sy potensiaal raakgesien aangesien hy baie mooi dooie hout het. Hannes het spesiaal vir hierdie boom ’n bak met sement gemaak. Sien fotos op volgende bladsy.

BRAT vergadering van 31 Mei 2014

Bo: Hannes Fritz en die Olienhout voor stilering, die spesiale bak en die boom na stilering.

Above: Erich Walters created a very creative landscape.

Right: Sue Belcher took us through some steps on drawing your tree. She drew this tree belonging to Kathy Steyn.

Far left and left: Kathy Steyn showed some progress of a Wild Olive of hers. And the end product she hopes for in the future. The drawing was done by Sue Belcher.

Vergadering van 7 Junie 2014

"Tip of the month" - deur Pieter du Plessis

Pieter het baie raadsame 'tips' gegee oor basiese gereedskap wat gebruik kan word vir bonsai.

Die eerste wat Pieter sê is om te onthou dat goedkoop koop is duur koop. As jy die heel goedkoopste gereedskap koop gaan dit nie lank neem voordat hulle gedaan is en jy weer moet koop nie.

Die eerste handige stuk gereedskap om te gebruik is 'n saag. Maar nie jou gewone saag nie, daar is 'n baie handige toevou saag wat se tande na agter is en wat dus met 'n trek aksie saag in plaas van 'n stoot aksie. Dan is 'n doodgewone tuin snoeiskêr ook handig en bruikbaar. Maak seker dat die handvatsel nie te wyd oopmaak nie anders is dit moeilik om 'n stewige greep te kry en kan jy nie krag toepas nie. Indien jy een kan kry met 'n "ratchet" aksie is dit nog beter.

Vir algemene ligte snoei kan 'n doodgewone skerp skertjie, wat omtrent R40 kos, gebruik word. Wanneer hy stomp is gooi hom weg en koop 'n nuwe. 'n Skêr spesiaal vervaardig vir bonsai snoei het 'n lekker dun en lang voorste deel. Hy is handig vir fynwerk en om binne in takke te kom. 'n "Branch cutter" sny 'n tak af met 'n holte na die stam. Dit help dat die kambium toe groei en die letsel nie gesien word nie. In die plek van 'n "branch cutter" kan jy met 'n gewone snoeiskêr afsny en dan met 'n "Stanly blade" 'n holte maak.

Om draad af te sny (as jy nie wil afdraai nie) kan jy in die plek van 'n "wire cutter" 'n gewone "side cutter" versigtig gebruik.

As jy gebruikte draad weer reguit wil kry, vat die twee punte met twee tange stewig vas en gee 'n paar harde uitwaarste plukke. Sie daar, die draad is reguit. ♣

Dr Francois van As het ons geleer hoe om bome te stileer deur die rekenaar of ons teken kuns te gebruik. Hy het eers 'n baie leersame voorstelling gewys, wat uit 86 bladsye bestaan het en onmoontlik is om hier te wys. Daarna het 'n paar lede wat bome gevat het prakties geoefen wat Francois ons geleer het.

Op die volgende bladsye verduidelik Francois wat gedoen moet word om 'n boom te beplan en wys hoe hy een van sy bome met die rekenaar gestyl het. Daarna word 'n paar pogings van die lede gewys.

Vergadering van 7 Junie 2014

Gebruik fotos om sketse te genereer

1. Voorbereiding van die boom

- Maak boom leesbaar, moet volgende toon
  Nebari (oppervlak wortels);
  Stam;
  Begin van takke.
- Snoei nuwe groei op stam en maak basis van takke skoon. Indien blare stam verberg – draai repe lap om blare sodat stam sigbaar is

2. Neem foto van die boom

- Verkieslik in skadu (nie in skerp sonlig nie)
- Gebruik wit agtergrond sodat vorm van boom kan uitstaan
- Neem aantal fotos van moontlike voorkante, nutteloos om uit al vier hoeke fotos te neem, kyk veral na
  - Wye nebari
  - Beweging in stam
  - Goeie afdunning (taper)
  - Teenwoordigheid van 'n prominente eerst tak (regs of links)

Voorbeeld van Francois se boom:

Neem foto van die boom

Vergadering van 7 Junie 2014

3. Natrek van foto

- Plaas vel dun natrekpapier oor die foto en trek die buitelyne van die nebari, stam en takke na.
- Stel verskillende moontlikhede voor, byvoorbeeld:
  - Sny die stam goed terug, gebruik 'n sytak om 'n nuwe kroon (apex) te vorm, skep sodoende 'n meer kompakte boom
  - Kies die onbruikbare takke of lang takke met geen vertakking naby die stam nie en verwyder denkbeeldig
  - Kies die eerste drie takke, hou perspektief en die oop spasies in gedagte
  - Werk eers net met nebari, stam en hooftakke

Natrek van foto



4. Plasing van die stam en takke

- Plaas natrekpapier op vel wit papier
- Kantel na regs en na links
- Indien bevredigende posisie gevind het, plak natrekpapier op vel witpapier en trek horisontale lyn aan onderkant van stam om bo kant van pot voor te stel
- Voltooi die buitelyne van die pot – 'n reghoek sal doen (lengte van pot = 2/3 hoogte van boom, diepte van pot = wydte van basis van stam)
- Op nuwe vel natrekpapier verstel die kroon van die boom asook die orientasie van die takke

Vergadering van 7 Junie 2014

Plasing van die stam en takke



5. Voorstelling van die loof (blare)

- In die vorm van 'n driehoek
- Plasing van kroon (apex)
- Die eerste tak (regs of links)
- Die tweede tak (links of regs)
- Trek die denkbeeldige as van die stam met die kroon aan die bokant
- Voltooi driehoek deur kroon te verbindmet eindpunt van eerste tak en eindpunt van tweede tak
- Trek buitelyne van vlakke wat loof voorstel

Vergadering van 7 Junie 2014

Bo van links: Rolf Wuest se boom, sy tekening en Rolf het nie op hom laat wag nie en sy boom gesnoei.

Links: Martin Kruger se boom en sy tekening van sy toekoms plan.

Regs: Jeanette de Beer se boom en haar tekening.

Links: Jaco se boom en sy toekomstige plan daarmee.

Snippets

Our Environment.

A power station is an industrial facility for the generation of electric power. At the centre of nearly all power stations is a generator, a rotating machine that converts mechanical power into electrical power. The energy source to turn the generators in South Africa's power stations is to burn coal. Coal causes a great deal of **pollution**. We must therefore try to use as little electricity as possible to help fight pollution.

When you cook on a stove plate, use the right size plate for the size pot - ensuring that the pot or pan completely covers the stove plate. This prevents heat and energy being wasted.

Inspirasie uit die natuur

Hier is twee pragtige voorbeelde van bome wat in die natuur omval en dan aanhou lewe en groei. Is dit ons inspirasie vir die 'Raft' styl in bonsai?

Die foto links is deur **Louis van der Walt** geneem op die Naukluft staproete in Namibia. Louis sê dit is 'n "Meelsakboom", ook genoem Sprokiesboom (Moringa ovalifolia).

Die foto links is deur **Francois van As** geneem. Dit is 'n Kremetart (Baobab) wat hy Oktober 2013 net buite die Mopanieruskamp in die Kruger Park geneem het.

Die Naakte Waarheid —deur Dr Pieter Loubser

Die Naakte Waarheid



Dis nou (April/Mei) daardie tyd van die jaar waartydens ons mooi begin sien hoe sommige bonsai sonder hul "*klere*" lyk. Die "*naakte waarheid*" word ontbloot, bykans soos 'n advokaat jou storie in die hof uitmekaar trek om uit te vind wat werklik aan die gang is, of was. Dis nie 'n slegte storie nie omdat hierdie tyd van die jaar een is wat ek baie geniet juis omdat ek die prag van die bonsai se stamme en takke nou kan geniet. Die bome se klere is uitgetrek en ons kan kyk hoe hulle sonder fieterjasies lyk.

Kom ons speel net eers 'n bietjie en bewonder die twee fotos hieronder. Ek weet nie wie vir wie nageboots het nie.

Die regter een is 'n Celtis formosa uit Taiwan en links is waarskynlik ge-"*fotoshop*" en ek weet nie waar ek dit gekry het nie. Tog 'n ooreenkoms nê! Oor fotos die volgende: Ek wys in hierdie artikel die bome in groter formaat sodat jy juis die stamme en takke beter kan sien. Minder praat, meer sien! Ek wil nie soos die gesegde meld, "*praat soos 'n waterval*" nie.

Vervolg op bl 29

Die Naakte Waarheid —deur Dr Pieter Loubser

Die blaarlose bonsai toon in die eerste plek sulke pragtige stamme en soos die verstommende werk van Lo Min Hsuan hierbo, is dit nie Jan Alleman beskore om ooit so-iets te ontwikkel nie. Dit is waarskynlik 'n erfstuk en alreeds baie jare onder die snoeimes.

Blaarloosheid bring mee dat ons binne-in die boom kan kyk, na die hart daarvan. Ek het vanoggend (20 April) die bonsai (penjing?) hieronder op die internet by BonsaiBark gesien. Is dit nie verstommend nie? Ek wil sommer ophou met my bome en net een so 'n pragtige kunswerk skep. Dalk is dit hoekom ek dink aan wat Publius Syrus se raad uit Rome reeds uit een eeu VHE was, naamlik "*uit die foute van ander korrigeer 'n wyse man sy eie*". Dis nie plagiaat nie. Jy besef net hoe jy self fouteer en tog streef na die goeie. Die Prussiese staatsman Otto von Bismarck het dit beaam met "*slegs 'n gek leer uit sy eie foute, 'n wyse persoon uit die foute van ander*". En terwyl ons dan die onderwerp aanroer voer Picasso hierteenoor aan dat "*slegte kunstenaars naboots. Goeie kunstenaars steel!*". En Jimmy Hendrix vind dit prettig as hy sê dat " *hy al so goed nageboots is dat hy gehoor het dat mense sy foute naboots*". Nou wie moet ons glo as ons mooi bonsai wil stileer?

Ek gaan nie, en kan nie, jong boompies wys nie. En ek gee dus die een leidraad, naamlik: die sleutel tot die pragtige effek is ouderdom! Die kwinke en kwale word in hierdie stam(me) uitgebeeld en dit is tans, noudat die boom oorleef het, iets mooi. Dalk kan ek Nietzsche gebruik om dit uit te beeld wanneer hy sê dat "*om te lewe is om te ly, om te oorleef is om een of ander betekenis te vind in die lyding*".

Die pragtige boom hierbo gewys, het baie karakter in die stamme weens skade wat aan die stamme berokken is. Ons weet nie hoe dit gekom het om te wees wat dit is nie, of selfs die skepper daarvan dit oor jare heen beskadig het in die soeke na 'n mooi effek nie. Ek dink nie so nie. Dit is egter 'n raaisel. En dan dink ek aan hierdie aanhaling van onbekende oorsprong: "*Die mooiste ondervinding wat ons kan beleef, is die misterieuse – die grondliggende emosie wat by die geboorteplek van ware kuns en wetenskap staan*". Dis die storie van die bonsai en ons beleef dit ten beste in die winter, sonder bekleding, sonder juweliersware, rou, ontbloot en nie sku nie. Dalk selfs trots en uitdagend. Die winterstorie!

Vervolg op bl 30

Die Naakte Waarheid —deur Dr Pieter Loubser

Teenoor die verwronge en gelittekende bome kan sommige stamme pragtig ongeskonde wees en die kyker daardeur beïndruk. Die *Celtis sinensis* hieronder is ‘n mooi voorbeeld. ‘n Rustige wintertoneel.

Ons moet natuurlik toegee dat om hierdie bome teen ‘n donker agtergrond af te neem, die stamme en takke veel beter vertoon, maar ook nie toelaat vir wegsteek nie. Daarboonop is ‘n foto twee-dimensioneel en die aantal takke lyk meer as wat dit in werklikheid is. Die waarheid maak soms seer en ons moet dit onthou. Philip K Dick sê gelukkig en ook waarskuwend dat “*die werklikheid dit is wat, wanneer jy ophou om daarin te glo, nie weggaan nie*”. Picasso het gesê dat “*fotograwe, net soos tandartse, die twee beroepe is wat nooit tevrede is met wat hulle doen nie. Elke tandarts wou ‘n dokter wees en binne elke fotograaf is ‘n skilder wat uit wil klim*”. Ek kan nie dink dat ‘n skilder die betrokke bonsai beter sou uitbeeld nie. Miskien anders, maar nie so na aan werklik nie. Ek is ‘n tandarts en gelukkig steur ek my nie veel aan wat Picasso oor my beroep te sê het nie. Ek het wel al gewonder hoe bonsai sou gelyk het as ons sy voorbeeld van skilder gevolg het. Ek dink dat selfs Literati-aanhangers sou stik in hul drankies.

Natuurlik is dit makliker om die groter bome meer takke te gee. Jy het net meer materiaal, ruimte en lengte. Mario Komsta se mame Hagebeuk (Carpinus) hieronder wys ons egter dat selfs met klein boompies die winterbeeld verstommend mooi kan wees. Soos in die geval van die groter bome, is hier gebou om ‘n ouer en dikker stam wat reeds karakter het. Ek lê klem op die “*begin met mooi stam*”. Wanneer jy bonsaimateriaal gaan uitgrawe of selfs by ‘n kwekery in ‘n plastiese sak koop, soek vir ‘n stam wat jy kan gebruik! Ongelukkig is die takke se voorkoms ook van belang en dit moet dieselfde karakter as die stam vertoon. Dit is baie moeilik, omdat hulle later “*bygevoeg*” word en gevolglik jonger lyk. Groei en knip. Soek uit, sny af. Herhaal. Offertakke, ontblaring, uitknip van groeipunte en geduld is nodig.

Vervolg op bl 31

Die Naakte Waarheid —deur Dr Pieter Loubser

Nou ja, ek is saam met Oscar Wilde "*nie jonk genoeg om alles te weet nie*" en so van sprokies gepraat en dalk dwergies, kabouters en feetjies, verbeel jou net hoe hulle tuis sal wees in die holte tussen die esdoring se stam en die klip, of stilletjies in die nag sal skarrel onder die boom of in die takke soos die pragstuk van Andreas Bicoca (Argentinië) s'n hieronder!

John Lennon het gesê: "*Tel jou ouderdom deur vriende, nie jare. Tel jou lewe deur glimlagte, nie trane*". Ek dink wel dat my bonsai my vriende is. Ek kuier tussen hulle en gesels met hulle. En hulle reageer met hul stories en lewens.

Andreas het 'n ouerige stam gebruik en die karakter pragtig gevorm deur die skep van baie dooie hout. Dit hoort ook in die rotsholte, want dis die plek waar sulke skade en oorlewing kan plaasvind. Ek het hierbo gevra dat jy sal let op die keuse van houers. Kyk na die wortels wat vashou aan die klip en fyner takke, maar nie baie nie om die stryd om oorlewing uit te beeld. Kuns! Pablo Picasso gee raad met "*alles wat jy jou kan verbeel, is werklik*" en ook "*elke kind is 'n kunstenaar. Die probleem is hoe om 'n kunstenaar te bly wanneer jy volwasse word*"! Tom Robbins dink "*dis nooit te laat om blye kinderjare te hê nie*".

Vervolg op bl 32

Die Naakte Waarheid —deur Dr Pieter Loubser

En links onder ‘n Kokufu wenner. Ek raai dis ook ‘n esdoring. Wat beïndruk meeste? Die stambasis? Let op die geringe *shari* links aan die stam en op ‘n tak of twee! Dis stilweg deel van die beeld en nie die hoofimpak nie. Sou die boom kon pas in ‘n ander houer? ‘n Dieper een dalk, of vierkantig? En die kleur? En die mos? Oor mos in die winter het ek al stry gehad, want sekere dele van die wêreld is dit juis wanneer mos goed groei. Kyk nou ook na die boom langs die Kokufuwenner.

Om ‘n kontras met die esdoring aan te bied het ek hierdie winterbeeld van die treurstyl uitgesoek. Die takke steek die stam deels weg. Dis soos ‘n bruid se sluier. Moet nie die prag van die stam miskyk nie. Let ook op die *shari* in die stam en sien dat dit anders aangewend is as op die boom links. Kyk na die keuse van staander en wonder oor enige ooreenkoms tussen die pote en die takke. Kuns! En die bak se kant en die takkrommings nader aan die stam? Kuns! Harmonie!

Geniet die laaste deel van Herfs en die hele Winter as ‘n opdrag! En die aanhaling van Daniel J Boorstin hieronder gaan ek nie vertaal nie.

The courage to imagine the otherwise is our greatest resource, adding color and suspense to all our life.

Groete

Pieter Loubser

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Julie en Augustus

Ons is nou in middel winter en daar gaan nou nie veel aan nie behalwe dat ons almal, boompies inkluis, koud kry. Water moet matig toegedien word - ons wil slegs die grond klam hou. Moet verkieslik nie na sononder natmaak nie. As jy nog nie jou gereedskap skoon- of skerpgemaak het nie is dit nou die tyd. Begin ook met die voorbereiding van grondmengsels vir die oorplant proses. Iets wat ek ook nou doen is om my boompies te evalueer en aantekeninge te maak in verband met watter boompies hoe gesnoei moet word, watter boompies herpot moet word, ens. Aangesien daar nie baie tyd is wanneer die tyd vir herpotting aanbreek nie, is dit ook nou 'n goeie tyd om solank potte aan te koop of te bestel. Wees versigtig om gedurende die winter te bedraad aangesien vinnige lentegroei die draad kan laat ingroei. Boompies kan laat winter gesnoei word, maak net seker alle wonde word geseël.

Wat doen ons in Augustus

Aan die einde van die winter of begin lente is dit tyd om die boompies te pot of herpot. Boompies wat begin bot moet herpot word voordat blare ontwikkel. Hou hulle maar fyn dop want sommiges bot vinniger as ander. Benat net genoeg om die grond klam te hou, soos wat loof verskyn kan watertoediening vermeerder word. Wat voeding aan betref word aanbeveel dat aanvanklike bemesting met lae stikstof inhoude gebruik word totdat die nuwe blaartjies verhard het. Moet nie bladwisselende boompies voed voordat die blare oopgegaan het nie. Die bron wat ek geraadpleeg het beveel ook aan dat boompies wat herpot is vir die eerste ses tot agt weke nie gevoed moet word nie, maak eers seker dat die boom groei anders kan die nuwe ontwikkelende wortels beskadig word. Verwyder enige bedrading wat deur die winter aan boompies gelaat is.

Bonsai-groete

Francois

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.